Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Filosofie 320 (FIL 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Geesteswetenskappe
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe
	BA Regte
	BA Tale Tale
	BA Verlengde Program
	BA Visuele Studies
	BPolSci Internasionale Studies
	BPolSci Politieke Studies
	BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
	BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
	BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	FIL 110, 120, 210, 220 en 310
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Filosofie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Filosofiese hermeneutiek en sosiale filosofie Die eerste van die twee fokuspunte van hierdie semestermodule is ’n bespreking en analise van filosofiese perspektiewe op die hermeneutiese probleem (die probleem van verstaan en interpretasie), met spesifieke aandag aan kontemporêre denkers soos Nietzsche, Heidegger, Gadamer en Derrida. Die tweede fokuspunt van die semestermodule is sosiale filosofie waar filosofiese vrae oor sosiale vorme, strukture, instellings, praktyke, gewoontes en etos geopper word. ’n Reeks temas kan ondersoek word, soos byvoorbeeld struktuur en agentskap, sosiale denkbeelde (“social imaginaries”), nuwe sosiale formasies, institusionele kulture, geslag en seksualiteit, subjek en konstitusie, en andere. Verder word die gesitueerdheid van hierdie temas in ’n spektrum van benaderings ontleed en ondersoek. Sulke benaderings sluit in kritiese teorie, ideologie-teorie, kontrakleer, sosiale aksie- of handelingsteorie, metaforologie, kritiese ras-teorie, genealogie, en andere.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.